Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 312 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmonad | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

APRIL 2021

# Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

## SANSA SE NUWE RUIMTEWEER-SENTRUM BEGIN VORM AANNEEM

Die minister van hoër onderwys, wetenskap en innovasie, dr. Blade Nzimande, en Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Dudley Coetzee, in die geselskap van SANSA se hoof-uitvoerende beampte, dr. Val Munsami, besturende direkteur, dr. Lee-Anne McKinnell, en raadsvoorsitter, Xoliswa Kakana, by die sooispitgeleentheid vir die nuwe Ruimteweersentrum.

Op Dinsdag, 9 Maart 2021, het die minister van hoër onderwys, wetenskap en innovasie, dr. Blade Nzimande, tesame met Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Dudley Coetzee, die nuwe multi-miljoenrand Ruimteweersentrum met 'n sooispitseremonie van stapel gestuur.

Dié geleentheid is gekenmerk deur die opgewondenheid aan die kant van SANSA-raadslede en -personeel, kontrakteurs en belanghebbers.

Die nuwe Ruimteweerstasie beslaan 'n gebou van 788 m² op die perseel van SANSA se Hermanus-kampus in Westcliff naby die provinsiale en private hospitale wat bewaar word as 'n omgewing wat vry is van magnetisme. Die unieke aspekte van só 'n omgewing tesame met die nougesette toepassing van die beginsels wat die bedryf van 'n observatorium vir magnetisme reguleer, sal SANSA in staat stel om ruimtenavorsing te doen oor die nabye ruimte-omgewing van die aarde en om gespesialiseerde produkte en dienste aan te bied.

Na verwagting sal die Ruimteweersentrum teen 1 Oktober 2022 ten volle operasioneel wees as 'n 24/7-voldienssentrum.

Dr. Lee-Ann McKinnell, SANSA se besturende direkteur, het verduidelik waarom die Ruimteweersentrum so belangrik is as 'n maatstaf vir uitnemendheid op die Afrika-kontinent.

"Die nuwe Ruimteweersentrum sal 'n tegnologies gevorderde gebou wees waarop ons almal trots kan wees en SANSA se Hermanuskampus sal iets soortgelyk aan 'n 'ruimtepark' word, maar die belangrikheid van dié sentrum strek veel verder as wat die gebou simboliseer: Dit lê ook in die nasie en kontinent se waarde wat ons skep deur nasionale vermoë in kritieke vaardighede te ontwikkel, 'n diens waaruit domeinspesifieke én voordele ten goede van die algemene publiek voortspruit om Suid-Afrika sodoende as 'n wêreldkenner te vestig wat oplossings bied vir die globale uitdagings verwant aan ruimteweer en jong Suid-Afrikaners – ons toekomstige ruimtewetenskaplikes – tegelyk te inspireer," het sy gesê.

Dr. Val Munsami, SANSA se hoof-uitvoerende beampte, stem saam en het beklemtoon dat Suid-Afrika die voortou in die ruimtesektor in Afrika moet neem. "Hierdie is die eerste van vele stappe wat geneem word om ons aspirasies vir die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse ruimteprogram tot voordeel van die mensdom uit te brei."

In sy rede het Burgemeester Coetzee gesê dat dit vir hom 'n besonderse eer is om deel te neem aan die sooispitseremonie aangesien die Ruimteweersentrum ontwerp is om wêreldklaskundigheid te huisves en toonaangewende wetenskaplikes van oral in die wêreld na Hermanus sal lok aangesien dit 'n sentrum van uitnemendheid vir ruimteweer gaan wees. "Dit pas Hermanus en Munisipaliteit Overstrand se motto soos 'n handskoen aangesien ons ook op 'n daaglikse basis daarna streef om 'n sentrum van uitnemendheid vir ons gemeenskap te wees."

Hy het SANSA geloof vir die vordering wat gemaak is met die oprigting van 'n opleidingsentrum in Hermanus waar jongmense hul kennis oor ruimteweer kan verwerf vanwaar hulle sal ontplooi om hul kennis oral in die wêreld toe te pas. "Dit maak my trots om jul burgemeester te wees," het hy gesê.

Oor die afgelope dekade het SANSA 'n indrukwekkende reeks produkte en dienste aan verskeie sektore soos die lugvaart-, ruimte- en skeepvaartbedryf gelewer. In 2021 vier SANSA 80 jaar waartydens waarnemings by die observatorium vir magnetisme in Hermanus aangeteken is, en juis daarop is dit gepas dat hierdie nuwe Ruimteweersentrum hier in Hermanus opgerig word. "Ek wens julle alle sukses en alles van die beste met die verwesenliking van jul toekomsplanne toe," het die Burgemeester ter afsluiting gesê.

In sy hoofrede het minister Nzimande SANSA geloof vir hul innoverende benadering tot die uitdagings wat ruimteweer wêreldwyd bied.

## AGSTE OPEENVOLGENDE SKOON OUDIT BEHAAL

Vir die agste jaar na mekaar het die Ouditeur-generaal sy tevredenheid uitgespreek oor die wyse waarop Munisipaliteit Overstrand sy sake in die loop van die 2019/2020-boekjaar bedryf het en weer eens bevestig dat die munisipaliteit aan beste praktyke voldoen het wat finansiële regeringsbestuur aanbetref.

Voorts bevestig hierdie mening wat deur die Ouditeur-generaal uitgespreek is dat daar geen wesenlike bevindinge rakende voorafbepaalde doelwitte en geen bewyse van nie-nakoming van sleutelwetgewing was nie wat alles daarop dui dat doeltreffende bestuurstelsels en behoorlike interne beheermaatreëls in plek is.

Toe hy verneem dat Munisipaliteit Overstrand weer eens 'n skoon oudit ontvang het, het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee vir Santie Reyneke-Naudé, direkteur finansies, en haar span dadelik bedank vir hul omsigtigheid en 'n spesiale woord van dank gerig aan die onlangs afgetrede munisipale bestuurder, Coenie Groenewald.

Die huidige munisipale bestuurder, Dean O'Neill, was net so beïndruk met die resultate wat die span behaal het, maar het gewaarsku dat dit al hoe moeiliker gaan word om 'n skoonouditstatus te behaal en 'n gesamentlike poging van die hele Overstrand-span gaan verg.

"Uiteraard is ons dank verskuldig aan bestuur in sy geheel en aan elke lid van hul spanne wat verseker het dat Overstrand se finansiële integriteit behoue gebly het. Hiervandaan vorentoe sal ons as 'n span ons egter meer as ooit daartoe moet verbind om te help verseker dat Overstrand se status behoue bly ondanks die regulatoriese uitdagings wat ons te wagte kan wees," het O'Neill gesê.

## ALLE LOF AAN 2020-MATRIKULANTE

Tydens 'n virtuele Raadsvergadering wat op Woensdag, 24 Februarie 2021, gehou is, het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee Overstrand se 2020-matrikulante geluk gewens met die prestasies wat hulle, ondanks uiters moeilike omstandighede, behaal het.

Hy het ook 'n punt daarvan gemaak om lof toe te swaai aan die Graad 12-onderwysers wat in die loop van 2020 soveel opofferings moes maak om te verseker dat leerders sukses in hierdie belangrike eksamen behaal en hulle bedank vir hul harde werk en deursettingsvermoë.

Coetzee het ook twee Graad 12-leerders uitgesonder vir die buitengewone prestasie wat hulle in die 2020-matriekeksamens behaal het.

Sy uitstekende resultate vir Wiskunde het aan Danie Gouws van Hoërskool Hermanus die algehele eerste plek in die land besorg: "Ons is trots op jou en sê dankie dat jy jou skool en Overstrand se naam hoog gehou het. Ek salueer jou," het die Burgemeester gesê.

Jean Weight van Curro Hermanus het ook oorgenoeg rede om trots te wees op sy uitmuntende matriekresultate: Bo-en-behalwe dat hy 'n verstommende 100% vir Wiskunde behaal het, spog hy met agt A's en tel onder die Onafhanklike Eksamenraad se top 1%-leerders in die land vir Wiskunde en IT sowel as in die gevorderde program vir Wiskunde.

"Namens die Raad en elke Overstrander wens ek al ons matrikulante alles van die beste toe en is my opregte wens dat hulle ook 'n sukses van die volgende hoofstuk in hul lewens sal maak," het Coetzee ter afsluiting gesê.

Die POE-administrateur vir ondernemingsontwikkeling, Vuyolwethu Gwantshu, (ligblou trui) met van die helpers.

POE-projekkoördineerder, Luvo Bomvana (geel hemp), en van die gewillige helpers.

Op Saterdag, 20 Februarie 2021, het lede van die Mount Pleasant-gemeenskapstuin in medewerking met Overstrand se Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO) -departement bossies spinasie wat in hulle tuin gekweek is, aan inwoners van Mt. Pleasant uitgedeel. Die Nicolette Theunissen-sentrum, Just Care-nasorgsentrum en die Mount Pleasant-gemeenskapuitreikprogram het elk tien bossies vars spinasie wat deur die tuinprojek gekweek is, ontvang.

### GEWILDE WANDELPAAIE IN HAROLD PORTER GESLUIT VIR REHABILITASIE

## SKEP INTUSSEN 'N BIETJIE VARS LUG LANGS ROD SE WANDELPAD

Beide die slinger- en Disakloof-plankpaadjie sal tot en met die Paasnaweek gesluit bly sodat noodsaaklike instandhouding- en rehabilitasiewerk verrrig kan word.

In die interim word stappers aangemoedig om Rod's Trail op die munisipale meentgrond in Bettysbaai te verken.

Hierdie redelik maklike roete kronkel deur die laer fynbosbedekte hange van die berge bokant Bettysbaai en bied panoramiese vistas van die dorpie.

Toegang is gratis en kan verkry word net links van die gegrendelde hek na Harold Porter in Kloofstraat.

Te danke aan die aanvoorwerk van plaaslike inwoner, Dolf Scheepers, kan stappers nou ook 'n blaaskansie geniet en die uitsig bewonder vanaf 'n bankie wat by die roete se Pipewegpunt aangebring is.

Skep 'n bietjie asem: Rod's Trail spog nou met 'n bankie waar stappers 'n blaaskansie kan geniet en hulle in die panoramiese uitsigte kan verlustig.

Rod's Trail se paadjies is sedert die verwoestende brand herstel.

Deon Naudé wat Die Laaste Taptoe gespeel het en kapelaan Mark Robson wat die gebed gedoen het.

"But to stand an' be still to the Birken'ead drill
is a damn tough bullet to chew,
An' they done it, the Jollies --
'Er Majesty's Jollies -- soldier an' sailor too!
Their work was done when it 'adn't begun;
they was younger nor me an' you;
Their choice it was plain between drownin' in
'eaps an' bein' mopped by the screw,
So they stood an' was still to the Birken'ead drill,
soldier an' sailor too!"

**Aanhaling uit Soldier an' Sailor Too, Rudyard Kipling**

Die troepeskip HMS Birkenhead het in die vroeë oggendure van 26 Februarie 1852 vergaan. Ter ere van diegene wat hul lewens so moedig opgeoffer het sodat die vroue en kinders aan boord van die verdoemde vaartuig gered kon word, word 'n gedenkdiens min of meer hierdie tyd van die jaar oral in die wêreld gehou.

Weens Covid-19-inperkings kon die gedenkdiens nie vanjaar by die Danger Point-vuurtoring plaasvind nie en moes die kransleggingseremonie ook weens gure weer uitgestel word.

Desondanks het 'n klompie vaartuie – met vergunning van Marine Dynamics, Dyer Island Cruises en White Shark Projects – met 'n handjievol mense aan boord die Gansbaaihawe volgens tradisie verlaat om in gebed te verenig en hul eer te betoon deur blomme in die see te strooi naby die rots waar HMS Birkenhead so tragies vergaan het.

Sowat drie-en-veertig jaar ná hierdie tragedie is 'n vuurtoring – Danger Point – op lange laas opgerig om skepe teen hierdie gevaarlike rif te waarsku.

Alhoewel nooit amptelik by internasionale skeepsreg geïnkorporeer nie, is die Birkenhead-prosedure – vroue en kinders eerste – steeds die standaardontruimingsprosedure wanneer 'n vaartuig ook al in nood verkeer.

**170ste herdenking: Volgens Glenda Kitley van Gansbaaitoerisme het verskeie afstammelinge van diegene wat aan boord van die HMS Birkenhead was, aangetoon dat hulle die 170ste herdenking in 2022 wil bywoon. Meer besonderhede in hierdie verband sal bekendgemaak word sodra planne gefinaliseer is.**

# HERSIENING VAN TENDER 2132/2020: VOORSIENING EN LEWERING VAN KONSTRUKSIEMATERIAAL

Tender SC2132/2020: Voorsiening en lewering van konstruksiemateriaal vir 'n kontraktydperk eindigend op 30 Junie 2023 is op 18 Desember 2020 deur die rekenpligtige beampte toegeken volgende op 'n aanbeveling van die bodbeoordelingskomitee wat tydens 'n vergadering op Maandag, 14 Desember 2020 geneem is.

Alle tenderaars, insluitende suksesvolle en onsuksesvolle tenderaars, is op 21 Desember 2020 oor die finale toekenning van die tender ingelig maar dat dit onderworpe is aan 'n paragraaf 49-beswaartydperk van 14 dae ingevolge die regulasies op munisipale voorsieningskanaalbestuur en 'n artikel 62-appèltydperk van 21 dae ingevolge die Munisipale Stelselswet. Die beswaar- en appèltydperk het onderskeidelik op 04 Januarie 2021 en 11 Januarie 2021 verstryk. Geen besware en/of appèlle is ontvang nadat die tender toegeken is nie.

Nadat die tender toegeken is en die beswaar- en appèltydperk verstryk het, is die departement voorsieningskanaalbestuur daarop attent gemaak dat sommige materiale, weens onopsetlike en bona fide foute ten opsigte van sommige items, verkeerdelik toegeken is.

Die munisipaliteit het regsadvies ten opsigte van hierdie onopsetlike en bona fide foute in die tender ingewin, en is geadviseer dat dit nie nodig is om die hele tender ter syde te stel nie.

Alle items wat korrek toegeken is en dus nie deur die foute geraak word nie, se toekenning is geldig en bly in plek. Geen hersiening is nodig van daardie items wat korrek toegeken is nie, en die munisipaliteit sal kontrakte met die suksesvolle tenderaars bekom wanneer die dienste benodig word.

Ten opsigte van daardie items wat verkeerdelik toegeken is, is die munisipaliteit regtens verplig om die Hooggeregshof te nader om die besluit om die tender toe te ken, ter syde te stel en sal 'n tussentydse bevel aanvra om homself en die suksesvolle tenderaars te belet om die toekenning te implementeer tot tyd en wyl daar finaal oor die hersiening beslis is.

Die hersieningsaansoek sal binnekort uitgereik word.